- (2) Die berekening van die heffing in subitem (1) word gebaseer op die getal lede en ander persone soos vervat in die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur ingevolge enige wet ingedien is en op 30 Junie van die heffingsjaar by die Raad geliasseer is. Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 30 Junie van die heffingsjaar nog nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die heffing betaal ten opsigte van daardie lede wat oorgedra word. Waar die Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds na 30 Junie van die heffingsjaar goedkeur, is die heffing van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar.
- (3) Die heffings bedoel in subitem (1), moet nie later nie as 31 Augustus van die heffingsjaar betaal word.

Heffing vir die Pensioenfondsberegter

4. Ten opsigte van 'n pensioenfonds wat ingevolge die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), geregistreer of voorlopig geregistreer is, insluitend 'n pensioenbewaringsfonds, voorsorgbewaringsfonds asook 'n uittredingsannuïteitsfonds soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, is die heffing vir die Pensioenfondsberegter 'n bedrag van R3,35 per lid van sodanige fonds en elke persoon wat gereeld periodieke betalings uit sodanige fonds ontvang, maar uitgesluit enige lid asook enige ander persoon wie se voordele in die fonds onopgeëis is. Waar die Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds na 30 Junie van die heffingsjaar goedkeur, is die heffing van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar.

Hierdie heffing kan saam met die heffing bedoel in item 3 betaal word, en is betaalbaar op die datum bepaal in item 3(3).

Heffing op uittredingsannuïteitsfondse

5. (1) Ten opsigte van 'n uittredingsannuïteitsfonds bedoel in item 3(1), is die heffing 'n bedrag van R1 053, plus 'n bykomende bedrag gelyk aan 0,0066% van die waarde van die fonds se bates. Waar die Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds na 30 Junie van die heffingsjaar goedkeur, is die heffing van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar.
- (2) Die waarde van die bates van 'n uittredingsannuïteitsfonds is die waarde van daardie bates van die fonds bepaal by die waardering daarvan deur die versekeraar met die oog op die bepaling van sy verpligtinge wat deur item 8(2)(b) uitgesluit word van die omskrywing van "verpligtinge" ingevolge onafgeloste langtermyn polisse, asook enige ander bates deur die fonds gehou om sy verpligtinge ten opsigte van sy lede na te kom. Die berekening van die heffing in subitem (1) word gebaseer op die waarde van die bates soos vervat in die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur ingevolge enige wet ingedien is en op 30 Junie van die heffingsjaar by die Raad geliasseer is. Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 30 Junie van die heffingsjaar nog nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die heffing betaal ten opsigte van die waarde van sodanige bates van daardie lede wat oorgedra word.
- (3) Die berekening van die waarde van die bates van 'n uittredingsannuïteitsfonds moet die waarde van 'n kontrak, indien enige, insluit, waarin 'n langtermynversekeraar, in ruil vir die betaling van 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die doel van die

volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van 'n uittredingsannuïteitsfonds om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf.

- (4) Die heffing bedoel in subitem (1), wat betaalbaar is deur 'n uittredingsannuïteitsfonds moet nie later nie as 31 Augustus van die heffingsjaar betaal word.

Heffing op onderlinge hulpverenigings

6. Vanaf 1 April 2006, word 'n onderlinge hulpvereniging wat ingevolge artikel 3(2)(a) van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet No. 25 van 1956), geregistreer of voorlopig geregistreer is, vrygestel van die betaling van heffings.

Heffing op korttermynversekeraars en onderskrywers van Lloyd's

7. (1) Ten opsigte van 'n versekeraar wat ingevolge die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998), geregistreer is om korttermynversekeringsbesigheid te dryf, word die heffing gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte, vir die versekeraar se boekjaar wat eindig gedurende die periode van 1 Julie tot 31 Maart van die huidige heffingsjaar of wat eindig gedurende die periode van 1 April tot 30 Junie van die volgende heffingsjaar, aangesuiwer na die einde van sy boekjaar in ooreenstemming met sy werklike geouditeerde bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte. Ongeag die lengte van die finansiële periode van die versekeraar, is die heffing 'n bedrag gelyk aan 0,107% van die eerste R60 miljoen bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte, plus 0,0247% daarna, of R10 700, watter totale bedrag ookal die grootste is. Die koers van krag aan die einde van die finansiële periode van die versekeraar sal van toepassing wees vir die hele periode wat op daardie datum eindig.
- (2) Ten opsigte van 'n persoon aangestel ingevolge artikel 57(1) van die Korttermynversekeringswet, 1998, word die heffing gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste vir die kalenderjaar wat op 31 Desember van die heffingsjaar eindig, maar wat jaarliks na 31 Desember aangesuiwer word in ooreenstemming met die bruto premie-inkomste wat ten behoeve van onderskrywers van Lloyd's in die Republiek vir die vorige kalenderjaar ontvang is soos in die Jaarverslag van die Registrateur van Korttermynversekeringswese gepubliseer. Die heffing is 'n bedrag gelyk aan 0,107% van die eerste R60 miljoen bruto premie-inkomste plus 0,0247% daarna, of R10 700, watter totale bedrag ookal die grootste is.

- (3) 'n Korttermynversekeraar wat ingevolge die Korttermynversekeringswet, 1998, geregistreer is of geag geregistreer te wees op enige dag van die heffingsjaar, moet die volle heffings in subitem (1) bedoel, betaal.
- (4) Die heffing op beraamde premie-inkomste word betaal in twee paaiemente voor of op 10 Julie en 30 Oktober van die heffingsjaar. Die aansuiwering bedoel in subitem (1) word gekombineer met die eerste of tweede betaling na die einde van 'n versekeraar se boekjaar. In die geval van Lloyd's word die aansuiwering bedoel in subitem (2) gekombineer met die Oktober betaling.

Heffing op langtermynversekeraars

8. (1) Ten opsigte van 'n langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 52 van 1998), geregistreer is of geag geregistreer te wees en gemagtig is om –
- (a) een of meer as een ongeskiktheidspolis, fondspolis, gesondheidspolis, lewenspolis of amortisasiepolis of een of meer van daardie polisse en 'n bystandspolis af te sluit, is die heffing 'n bedrag van R50 000 plus 0,0066% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse; of
- (b) alleenlik 'n bystandspolis af te sluit, is die heffing 'n bedrag van R5 000 plus 0,0066% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse.
- (2) Die uitdrukking “verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse” in subitem (1)(a) en (b) –
- (a) beteken die verpligtinge soos bepaal aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het, en die waarde van sodanige verpligtinge is die bruto verpligtinge kragtens onafgeloste polisse gereflekteer teen die item “Gross policy liabilities” in kolom 9 van Staat C9 van die Langtermynopgawe (Vorm LT2008), of beteken, indien die langtermynversekeraar geen boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan ten einde geloop het, gehad het nie, die bruto verpligtinge soos aangedui aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het;

- (b) sluit nie die verpligtinge in nie ingevolge 'n kontrak ingevolge waarvan 'n langtermynversekeraar, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die doel van die volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van 'n onderlinge hulpvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, of 'n pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, 1956, om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf: Met dien verstande dat die verpligtinge wat van die omskrywing uitgesluit is, nie verpligtinge insluit nie ingevolge 'n kontrak wat uitsluitlik betrekking het op 'n bepaalde lid van 'n onderlinge hulpvereniging of 'n pensioenfondsorganisasie, of op die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van 'n bepaalde lid van die onderlinge hulpvereniging of pensioenfondsorganisasie.
- (3) 'n Langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer is of geag geregistreer te wees -
- (a) op 1 April van die heffingsjaar, moet die volle heffings in subitem (1)(a) en (b) bedoel, ooreenkomstig subitem (4) betaal; of
- (b) na 1 April maar nie na 1 Oktober van die heffingsjaar nie, moet die helfte van die heffings in subitem (1)(a) en (b) bedoel, in een bedrag betaal as die enigste betaling, voor of op 30 Oktober van die heffingsjaar.
- (4) Die heffings in subitem (3)(a) bedoel moet in twee paaiemente betaal word, naamlik -
- (a) 50% van die heffing of, sou die werklike bedrag nie beskikbaar wees nie, 'n redelike skatting van sodanige heffing gebaseer op 'n redelike beraming van die waarde van die verpligtinge in subitem (2) bedoel, voor of op 10 Julie van die heffingsjaar; en
- (b) die balans van die heffing, voor of op 30 Oktober van die heffingsjaar; en
- (c) indien die paaiement gebaseer is op 'n skatting soos in subitem (4)(a) bedoel, moet 'n regstelling in ooreenstemming met die werklike waarde van die verpligtinge in subitem (2) bedoel, gekombineer word met die volgende heffingspaaiement nadat sodanige werklike waarde vasgestel en aan die Raad verskaf is.

Heffing op tussengangers

9. (1) Ten opsigte van 'n agent, makelaar of ander persoon bedoel in artikel 45 van die Korttermynversekeringswet, 1998, is die heffing 'n bedrag gelyk aan 0,013% van die totale bruto premies waaroor verslag gedoen is deur 'n ouditeur of rekenkundige beampte, na gelang van die geval, ingevolge regulasie 4.4 kragtens genoemde Wet, wat deur sodanige agent, makelaar of ander persoon gedurende sy jongste boekjaar ten behoeve van geregistreerde versekeraars en onderskrywers by Lloyd's ontvang is, of R95, watter totale bedrag ookal die grootste is.
- (2) Die heffing bedoel in subitem (1), moet nie later nie as 30 Oktober van die heffingsjaar betaal word en word gebaseer op die totale bruto premies op 31 Augustus van elke heffingsjaar soos verskaf deur die Suid-Afrikaanse Versekerings-vereniging, onderhewig aan 'n maksimum bruto premie van R196 538 460, gelykstaande aan 'n maksimum heffing van R25 555.

Heffing op kollektiewe beleggingskemas in effekte

10. (1) Ten opsigte van kollektiewe beleggingskemas in effekte, soos bedoel in die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002 (Wet No. 45 van 2002), is die heffing 'n totale bedrag van R6 090 352, plus enige bedrag betaalbaar ingevolge subitem (2) vir al sodanige skemas geadminestreer deur 'n bestuurder wat kragtens artikel 42 van genoemde Wet te eniger tyd gedurende die heffingsjaar geregistreer is. Die bedrag is betaalbaar in vier kwartaallikse paaiemente op of voor 10 Julie, 30 September, 31 Desember en 31 Maart van die heffingsjaar. Die kwartaallikse bedrae word betaal op die grondslag van statistiek soos aan die einde van die voorafgaande kwartaal en word verdeel tussen alle bestuurders wat op daardie dag geregistreer is. Die berekening van verskuldigde heffings is soos volg:
- (a) 10% in gelyke mate verdeel tussen alle bestuurders;
- (b) 60% verdeel ooreenkomstig die aantal portefeuljes deur elke bestuurder geadminestreer; en

- (c) 30% verdeel in verhouding tot die totale bates deur elke bestuurder geadministreer.
- (2) Indien 'n bestuurder nie 'n lid is van The Association for Savings and Investment SA nie, sal die bedrae betaalbaar ingevolge subitems 1(a), (b) en (c) verdubbel word.

Heffing op buitelandse kollektiewe beleggingskemas

11. (1) Ten opsigte van buitelandse kollektiewe beleggingskemas goedgekeur ingevolge artikel 65 van die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002, is die heffing in vier kwartaallikse paaielemente betaalbaar en elke paaielement bestaan uit –
- (a) 'n bedrag van R4 130 ten opsigte van elke skema; plus
 - (b) 'n bedrag van R2 240 ten opsigte van elke portefeulje, fonds of subskema; plus
 - (c) 0,0000898% van die netto bates onder bestuur namens Suid-Afrikaanse beleggers.
- (2) Indien 'n goedgekeurde buitelandse kollektiewe beleggingskema nie 'n geassosieerde lid van The Association for Savings and Investment SA bedoel in item (1) is nie, sal die bedrae betaalbaar ingevolge subitems (1)(a), (b) en (c) verdubbel word.
- (3) Die heffing is betaalbaar in vier kwartaallikse bedrae op of voor 10 Julie, 30 September, 31 Desember en 31 Maart van die heffingsjaar. Die bedrag word bereken op die grondslag van statistiek soos aan die einde van die voorafgaande kwartaal, welke statistieke binne 30 dae na sodanige kwartaaleinde aan die Registrateur voorsien moet word.
- (4) By die toepassing van subitem (2), moet die statistiek wat aan die betrokke Registrateur voorsien word, besonderhede bevat van alle verkope en aflossings of terugkope binne Suid-Afrika.
- (5) Heffings is ten opsigte van alle maande binne enige betrokke kwartaal betaalbaar.

Heffing op kollektiewe beleggingskemas in eiendom

12. (1) Ten opsigte van 'n bestuurder van 'n kollektiewe beleggingskema in eiendom, soos bedoel in die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002, is die heffing 'n bedrag van R51 107 op elke portefeulje,
- (2) Die heffing bedoel in subitem (1) moet nie later nie as 10 Julie van die heffingsjaar betaal word.

Heffing op kollektiewe beleggingskemas in deelnemingsverbande

13. (1) Ten opsigte van 'n bestuurder wat 'n kollektiewe beleggingskema in deelnemingsverbande administreer en wat ingevolge artikel 53 van die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002, geregistreer is, is die heffing 'n bedrag van R5 366, plus 'n bedrag wat bereken word deur die totale bedrag verskuldig deur verbandgewers op 31 Desember 2008 te vermenigvuldig met die syfer 0,0109405%.
- (2) Die heffing bedoel in subitem (1) moet nie later nie as 10 Julie van die heffingsjaar betaal word.

Heffing op beurse

14. (1) Ten opsigte van JSE Beperk, 'n beurs wat ingevolge artikel 10 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), gelisensieer is, is die heffing 'n bedrag van R5 057 100.
- (2) Ten opsigte van die Effektebeurs van Suid-Afrika Beperk, wat ingevolge artikel 10 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), gelisensieer is, is die heffing 'n bedrag van R1 965 037.
- (3) Die heffings bedoel in subitems (1) en (2) moet nie later nie as 10 Julie van die heffingsjaar betaal word.

Heffing op gemagtigde verskaffers van finansiële dienste

15. (1) Behoudens subitem (5), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002), as

'n Kategorie I of IV verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2008, uitgesonderd enige sodanige verskaffer wat ook 'n Kategorie II of III verskaffer bedoel in subitem (3), die heffing bedoel in subitem (2) voor of op 30 Oktober van die heffingsjaar betaal.

(2) Die heffing, wat onderworpe is aan 'n maksimum van R1 017 000, word soos volg bereken:

- (a) 'n basisbedrag van R2 040; en
- (b) $A \times R364$

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die Registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiële dienste, minus sleutelpersone wat ook aangestel is as verteenwoordigers, soos op 31 Augustus van die heffingsjaar.

(3) Behoudens subitem (5), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002), as 'n Kategorie II, IIA of III verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2008, voor of op 30 Oktober van die heffingsjaar 'n heffing betaal wat onderworpe is aan 'n maksimum van R1 017 000 en wat soos volg bereken word:

- (a) 'n basisbedrag van R4 671; en
- (b) $A \times R364$; en
- (c) $B \times 0,000012686$

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die Registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiële dienste minus sleutelpersone wat ook aangestel is as verteenwoordigers, soos op 31 Augustus van die heffingsjaar; en

B = die totale waarde van beleggings bestuur namens kliënte ingevolge die magtiging as 'n verskaffer van finansiële dienste op 30 Junie van die heffingsjaar: Met dien verstande dat beleggings onder bestuur wat in buitelandse valuta gehou word, ingesluit moet word teen die wisselkoers wat op daardie datum in die Pers gepubliseer is.

- (4) Behoudens subitem (5), moet 'n persoon wat ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002), as 'n Kategorie I verskaffer van finansiële dienste gemagtig is soos beoog in subitem (1), en wat slegs finansiële dienste lewer ten opsigte van finansiële produkte wat behoort aan Langtermyn Versekering Kategorie A soos bedoel in sub kategorie (1) in Kolom Een van Tabel A in paragraaf 3(1) van die Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2008, voor of op 30 Oktober 'n heffing betaal wat onderworpe is aan 'n maksimum van R1 017 000 en wat soos volg bereken word :

(a) 'n basisbedrag van R2 040; en

(b) $A \times R130$

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die Registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiële dienste minus sleutelpersone wat ook aangestel is as verteenwoordigers, soos op 31 Augustus van die heffingsjaar.

- (5) Meervoudige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste wat deel vorm van dieselfde regsentiteit is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir betaling van 'n enkele heffing bedoel in subitem (2), (3) of (4), na gelang van die geval. Vir die doel van sodanige betaling, word die sleutelpersone en die verteenwoordigers van sodanige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste geag sleutelpersone en verteenwoordigers van een gemagtigde verskaffer van finansiële dienste te wees.
- (6) Nalating om die heffing soos genoem in subitem (2) tot (4) te betaal sal veroorsaak dat die lisensie van die gemagtigde verskaffer teruggetrek word ingevolge artikel 9 van die wet genoem in (15) (1).

Heffing vir befondsing van Kantoor van Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste

16. (1) Behoudens subitem (3), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002, as 'n Kategorie I, II, IIA, III

of IV verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2008, bedoel in item 15(1), die heffing bedoel in subitem (2) voor of op 30 Oktober van die heffingsjaar betaal.

(2) Die heffing, wat onderworpe is aan 'n maksimum van R143 880, word soos volg bereken:

- (a) 'n basisbedrag van R528; en
- (b) $A \times R198$

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die Registrateur minus sleutelpersone wat ook aangestel is as verteenwoordigers, plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiële dienste, soos op 31 Augustus van die heffingsjaar.

(3) Meervoudige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste wat deel vorm van dieselfde regsenteit is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir betaling van 'n enkele heffing bedoel in subitem (2). Vir die doel van sodanige betaling, word die sleutelpersone en die verteenwoordigers van sodanige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste geag sleutelpersone en verteenwoordigers van een gemagtigde verskaffer van finansiële dienste te wees.

(4) Nalating om die heffing soos genoem in subitem (2) te betaal sal veroorsaak dat die lisensie van die gemagtigde verskaffer teruggetrek word ingevolge artikel 9 van die Wet genoem in (16) (1).

Heffing op sentrale effektebewaarnemers

17. (1) Ten opsigte van State Beperk, 'n sentrale effektebewaarnemer, gelisensieër ingevolge artikel 32 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), is die heffing 'n bedrag van R1 361 475.

(2) Die heffing bedoel in subitem (1) moet nie later nie as 10 Julie van die heffingsjaar betaal word.

Heffing op finansiële markte ten opsigte van markmisbruik

18. (1) Die heffing vir die betaling van die koste verbonde aan die uitvoering van die werksaamhede van die Raad en van die Direkoraat op Markmisbruik ingevolge die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), word betaal deur die beurse gelisensieer ingevolge artikel 10 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004, naamlik JSE Beperk en die Effektebeurs van Suid-Afrika Beperk. Die totale heffing vir die heffingsjaar beloop R8 400 000.
- (2) Die totale heffing word bereken en betaal op die volgende basis:
- (a) JSE Beperk betaal voor of op 10 Julie van die heffingsjaar 20%, dit wil sê R1 680 000, van die totale heffing.
 - (b) Die Effektebeurs van Suid-Afrika Beperk betaal voor of op 10 Julie van die heffingsjaar 10%, dit wil sê R840 000, van die totale heffing.
 - (c) Die balans van die totale heffing, naamlik R5 880 000, word in vier paaielemente kwartaalliks betaal op 'n gebruiker-betaal basis deur die beurse waar markmisbruik ondersoek gedurende die voorafgaande kwartaal uitgevoer is. Die paaielemente is betaalbaar voor of op 10 Julie, 30 September, 31 Desember en 31 Maart van die heffingsjaar.
- (3) Bykomend by die totale heffing in subitem (1) bedoel, is die regskoste wat werklik deur die Raad aangegaan is ten opsigte van markmisbruik gedingvoering kwartaalliks agterna betaalbaar deur die relevante beurs.

ALGEMEEN**Betaling van heffings**

19. (1) Die heffings en rente (as daar is) daarop in hierdie Kennisgewing bedoel, is behoudens die bepalings van hierdie Kennisgewing, deur die betrokke finansiële instelling aan die Raad betaalbaar deur middel van 'n tjek, posorder, geldwissel, of 'n geldoordrag.
- (2) Rente sal gehef word op alle uitstaande rekeninge teen die gekwoteerde prima

oortrekkingskoers van Standard Bank van Suid-Afrika Beperk.

Aansoek om vrystelling

20. (1) 'n Aansoek deur 'n finansiële instelling om die verlening kragtens artikel 15A(4) van die Wet van vrystelling van 'n bepaling van hierdie Kennisgewing moet skriftelik gerig word aan die Uitvoerende Beampte, Raad op Finansiële Dienste, Posbus 35655, Menlopark, 0102, op 'n datum minstens een maand voor die datum waarop die vrystelling ooreenkomstig die aansoek in werking moet tree.
- (2) So 'n aansoek moet volledige besonderhede bevat van die finansiële instelling, die magtiging van die persone wat die aansoek onderteken en die datum waarop die vrystelling, indien verleen, in werking moet tree en moet volledig die redes vir die aansoek uiteensit.
- (3) Die aansoek moet-
- (a) 'n bevestiging bevat van die betrokke finansiële instelling om, by ontvangs van so 'n versoek, die Uitvoerende Beampte onverwyld te voorsien van die ander of verdere inligting of besonderhede wat die Raad mag verlang in verband met die betrokke instelling of aansoek; en
 - (b) besonderhede bevat van die adres waar die instelling betekening deur die Raad sal ontvang van enige kennisgewing beoog in artikel 15A(4)(b)(ii) van die Wet.
- (4) 'n Kennisgewing bedoel in artikel 15A(4)(b)(ii) van die Wet word op las van die Raad deur die Uitvoerende Beampte per geregistreerde pos beteken by die adres wat die finansiële instelling ooreenkomstig subitem (3)(b) in sy aansoek om vrystelling verstrek het.

Gekonsolideerde betalings

21. Indien enige liggaam wat deur die Raad as ten volle verteenwoordigend van 'n kategorie finansiële instellings beskou word, in 'n bepaalde heffingsjaar aanbied om 'n gekonsolideerde betaling van heffings te maak namens daardie kategorie ingevolge 'n ooreenkoms aangegaan tussen sodanige kategorie en die liggaam, kan die Raad so 'n aanbod aanvaar indien die betaling gemaak word ooreenkomstig die bepalings van hierdie

Kennisgewing: Met dien verstande dat indien om enige rede so 'n gekonsolideerde betaling nie aldus op die voorgeskrewe datums van betaling gemaak word nie, elke afsonderlike betrokke finansiële instelling ten volle aanspreeklik bly vir die heffing deur hom verskuldig plus rente (as daar is) op daardie bedrag bereken ooreenkomstig item 19(2).

Intrekking van kennisgewings en voorbehoud

22. (1) Raadskennisgewing 60 van 2 Julie 2008 word, behoudens subitem (2), ingetrek.

(2) Indien op die datum van inwerkingtreding van hierdie Kennisgewing enige finansiële instelling nog nie 'n heffing en rente verskuldig daarop, soos opgelê ingevolge 'n bepaling van die Kennisgewing in subitem (1) vermeld, ten volle betaal het nie, word enige sodanige bepaling, tesame met enige ander bepaling van sodanige Kennisgewing wat verband hou met eersbedoelde bepaling, geag ten opsigte van die betrokke instelling en die betrokke verskuldigde bedrag nog nie deur subitem (1) ingetrek te wees nie totdat sodanige skuld ten volle vereffen is.